ONS GLO

LAERSKOOL RANDHART
SKOOLGELDOOREENKOMS

011 864 5110 I e-pos: info@randhartlaer.co.za I webblad: randhartlaer.co.za I Samuelstraat, Randhart, Alberton

Ooreenkoms tussen Laerskool Randhart en _____ (naam van ouer/voog) t.o.v. die betaling van skoolgeld.

1. Laerskool Randhart is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No 84 van 1996) en die National Educadting Policy Act (Wet No 27 van 1996) – National norms and standards of School Funding.

2. U is aanspreeklik vir die betaling van die skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.

3. Ten spyte daarvan dat 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die voorgeskrewe skoolgeld moet betaal, soos vervat kan wees in die egskeidingskikkingsbevele en/of enige ander gepaste hofbevel, bly dit steeds die verantwoordelikheid van alle persone, wat voldoen aan die definisie van "ouer" in die SA Skolewet, om skoolgeld te betaal en alle "ouers" is gesamentlik en afsonderlik teenoor die skool aanspreeklik vir die betaling van alle skoolgelde wat deur die skool gehef is en of sal word ten opsigte van 'n spesifieke leerder.

4. Betaling van skoolgeld (sien bedrae wat volg) geskied oor 10 maande vir die Laerskool en 11 maande vir die Kleuterskool.

5. Betaling van skoolgeld aan Laerskool Randhart sal as volg geskied: (Merk asseblief in toepaslike blokkie met kruisie.)

Opsie 1	**Eenmalige betaling teen 31 Januarie vir 2027 en kwalifiseer vir korting van R1 820,00** (Bedrag betaalbaar teen 31 Januarie 2027 R20 930,00.)	
Opsie 2	**Vereffen totale jaarlikse skoolgeld voor 7 April 2027 en kwalifiseer vir korting van R1 820,00** (Korting onderhewig daaraan dat die maandelikse betalings vir Januarie, Februarie en Maart op datum is.)	
Opsie 3	**Betaal maandeliks voor die 7de van elke maand** (Eerste paaiement betaalbaar teen 7 Januarie en daarna teen die 7de van elke daaropvolgende maand met die laaste paaiement betaalbaar teen die 7de Oktober.)	
Opsie 4	**Ek is van mening dat ek moontlik kwalifiseer vir gedeeltelike/volle vrystelling van skoolgeld.** Kontak me. Swanepoel by anzel@randhartlaer.co.za / Vorms ook beskikbaar by Adminkantoor. Indien ek/ons van voorneme is om aansoek te doen, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi en kwartaalliks voor die 15de dag van elke kwartaal ingehandig word.	
Betaal-metodes	1. Betaling per D6 Communicator – Betaling word outomaties geallokeer 2. EFT – LAERSKOOL RANDHART – ABSA – 210 516 328 3. Debietorder is hierby aangeheg en moet per epos na anzel@randhartlaer.co.za gestuur word.	

6. Vrystelling en agterstallige skoolgeld

6.1 Ek is aanspreeklik vir die volle skoolgeld, tensy en vir sover ek daarvan vrygestel is (artikel 40(1) van die Skolewet). Indien ek vrystelling verlang, is dit my verantwoordelikheid om jaarliks skriftelik by die voorsitter van die Beheerliggaam aansoek te doen. Die aansoek word gedoen op die voorgeskrewe vorm (Bylae B tot die Vrystellingsregulasies), wat by die skool verkrygbaar is, saam met die stawende dokumente (regulasie 4). Totdat vrystelling toegestaan is, bly die skoolgeld op die vervaldatums betaalbaar.

6.2 Indien ek een (1) maand of langer agterstallig is en nie aansoek gedoen het vir vrystelling nie, sal die skool my in kennis stel dat ek nie aansoek gedoen het nie. Die skool sal my in dieselfde kennisgewing uitnooi om aansoek te doen. Indien ek drie maande ná daardie kennisgewing steeds nie betaal het nie, mag die skool regstappe instel (artikel 41(5) van die Skolewet; regulasie 3(1)(e)).

6.3 Indien ek aansoek doen om vrystelling en nie kwalifiseer nie of slegs gedeeltelik kwalifiseer, mag die skool regstappe vir die onbetaalde bedrag instel. Dit mag eers gebeur, nadat die aansoek om vrystelling afgehandel is.

6.4 Geen administrasie-, invorderings- of kredietburo-fooie word by my rekening gevoeg nie (artikel 39(5)). Indien regstappe ingestel word, is ek aanspreeklik vir die regskoste op ‘n skaal soos tussen ‘n prokureur en eie kliënt, alternatiewelik soos ‘n hof gelas.

6.5 Indien ek meer as 1 (een) maand agterstallig is met betaling van skoolgeld, sal die hele jaar se skoolgeld onmiddellik betaalbaar en opeisbaar word. Die skool streef daarna om alle verskuldigde skoolgeld in te vorder, sodat betalende ouers nie die skoolgeld van nie-betalende ouers subsidieer nie. Indien ek hulp nodig het om die aansoek te voltooi, kan ek die skool daarvoor vra.

7. Kredietburo

7.1 Indien ek een maand of langer agterstallig is met skoolgeld, mag die skool my naam, identiteitsnommer, woonadres en die agterstallige bedrag aan TPN-kredietburo verskaf. Geen inligting oor die leerder of oor ‘n aansoek om vrystelling word verskaf nie.

7.2 Dit sal slegs gebeur indien:

(a) klousule 6.2 en 6.3 nagekom is;

(b) geen aansoek om vrystelling steeds hangende is nie;

(c) die bedrag minstens drie maande agterstallig is; en

(d) die skool my minstens 20 (twintig) besigheidsdae vooraf skriftelik in kennis gestel het. Indien ek binne daardie tydperk betaal of die bedrag betwis, word die inligting nie verskaf nie (regulasie 19 van die Nasionale Krediet Wet-regulasies).

7.3 Bedrae waarvan ek vrygestel is, word nie gerapporteer nie. Binne sewe (7) dae nadat ek betaal het, sal die skool die kredietburo daarvan in kennis stel.

8. Ek kies hierdie onderstaande adres as my *domicillium citandi et executandi* vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke:

_____

_____

9. Ek/ons, die ouers/voogde van _____ onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

Geteken op hierdie _____ dag van _____ te _____ 2026.

_____ _____

Handtekening van ouer/voog – Vader Handtekening van ouer/voog – Moeder

SKOOLGELD 2027

LAERSKOOL RANDHART **Skoolgeld per jaar R22 750,00 sonder korting**				
OPSIE 1: Eenmalig **R20 930,00 ten volle vereffen voor 31 Januarie 2027 (Kortingsbedrag van R1 820,00 reeds afgetrek.)**				
		Eerste kind	**Tweede kind**	**Derde kind**
Eenmalig betaalbaar	31 Januarie 2027	R20 930,00	R20 930,00	R20 930,00
OPSIE 2: Vereffen totaal voor 7 April **R20 930,00 ten volle vereffen voor 7 April 2027 (Kortingsbedrag van R1 820,00 reeds afgetrek.)** Maandelikse skoolgeld bly vooruitbetaalbaar tot en met datum van vereffening. Sien uiteensetting hieronder.				
		Eerste kind (R20 930,00)	**Tweede kind (R20 930,00)**	**Derde kind (R20 930,00)**
Betaalbaar Maand 1	7 Januarie 2027	R2 275,00	R2 275,00	R2 275,00
Betaalbaar Maand 2	7 Februarie 2027	R2 275,00	R2 275,00	R2 275,00
Betaalbaar Maand 3	7 Maart 2027	R2 275,00	R2 275,00	R2 275,00
Betaalbaar Maand 4	7 April 2027	R14 105,00	R14 105,00	R14 105,00
Opsie 3: Afbetalings-opsie **R22 750,00 betaalbaar oor 10 maande**				
Vooruitbetaalbaar 10 paaiemente **(Jan. tot Okt.)**		**Eerste kind**	**Tweede kind**	**Derde kind**
	Voor die 7de van elke maand	R2 275,00	R2 275,00	R2 275,00

RANDHART RAKKERS **Skoolgeld per jaar R29 405,00 sonder korting**				
OPSIE 1: Eenmalig **R26 465,00 ten volle vereffen voor 31 Januarie 2027 (Kortingsbedrag van R2 940,00 reeds afgetrek.)**				
		Eerste kind	**Tweede kind**	**Derde kind**
Eenmalig betaalbaar	31 Januarie 2027	R26 465,00	R23 525,00	R20 585,00
OPSIE 2: Vereffen totaal voor 7 April **R26 465,00 ten volle vereffen voor 7 April 2027 vir 1ste kind (Kortingsbedrag reeds afgetrek vir 1ste, 2de en 3de kind.)** Maandelikse skoolgeld bly vooruitbetaalbaar tot en met datum van vereffening. Sien uiteensetting hieronder.				
		Eerste kind (R26 465,00)	**Tweede kind (R23 525,00)**	**Derde kind (20 585,00)**
Betaalbaar Maand 1	7 Januarie 2027	R2 675,00	R2 415,00	R2 145,00
Betaalbaar Maand 2	7 Februarie 2027	R2 675,00	R2 415,00	R2 145,00
Betaalbaar Maand 3	7 Maart 2027	R2 675,00	R2 415,00	R2 145,00
Betaalbaar Maand 4	7 April 2027	R18 440,00	R16 280,00	R14 150,00
Opsie 3: Afbetalings-opsie **R29 405,00 betaalbaar oor 11 maande vir 1ste kind.** Sien uiteensetting met korting vir 2de en 3de kind.				
Vooruitbetaalbaar 11 paaiemente **(Jan. tot Nov.)**		**Eerste kind**	**Tweede kind**	**Derde kind**
	Maand 1	R2 675,00	R2 415,00	R2 145,00
	Maand 2 tot 11	R2 673,00	R2 405,00	R2 138,00

MEV. A C SWANEPOEL	MNR. D F VENTER	MNR. S CONNOWAY
DEBITEURE KLERK	SKOOLHOOF	TESOURIER: BEHEERLIGGAAM